Die Wet Wat 'n Skaduwee Het

Dankie Broer Joseph, ek waardeer beslis . . . ? . . . Ek waardeer dit beslis . . . ? . . .

> . . . dinge is moontlik, glo net.
> Glo net, glo net,
> Alle dinge is moontlik, glo net.

Goeienaand, vriende. En sal ons net ons hoofde buig, terwyl ons staan, om met ons Here te praat.

2 Ons Hemelse Vader, ons is so dankbaar teenoor U vanaand, vir hierdie voorreg wat ons het, om hier te vergader, hierdie pragtige, groot, Filadelfiese Kerk, om hierdie groot, 'n groep aanbidders te ontmoet, en ons dierbare, geliefde, pastoor, Broer Boze, en baie . . . [Leë kol op band—Red.]

3 Goeienaand, groot Filadelfiese Kerk, en al sy lidmate, en personeel. En dis beslis vir my 'n voorreg om hier te wees vanaand, om vir julle te preek in hierdie kerk. En baie warm, maar dis waarvan ons hou, 'n warm diens, niks soos een nie.

4 Dankie aan ons dierbare, geliefde, broer vir die gebaar van verwelkoming hier, ook, vir die blomme wat vir my en broer gegee is. Daar's . . . Julle weet, blomme preek preke. Het julle dit geweet? Dis reg. Dis 'n uitdrukking van liefde, wat blomme is. Maar hulle preek ook 'n preek, want hulle is iets wat God gemaak het. En hulle is pragtig.

5 Nou, ek was verlede week in Indianapolis, en—en die Here het ons daar ontmoet, met 'n wonderlike diens. En julle dierbare pastoor, wat altyd so 'n goeie boesemvriend van my is . . . Julle weet hy het my lief, wanneer hy weet ek is verkeerd. Dis wat hom so 'n goeie vriend maak. Maak nie saak . . . Baiekeer sê ek: "Joseph, ek wens ek kon dit doen, my broer, maar ek kan dit net nie doen nie."

6 En party dinge wat regtig wettig is, en maak nie saak wat jy hoef te doen nie, Joseph gee nie om nie. Hy's net in elk geval reg. Julle weet, enigiemand kan jou vriend wees wanneer jy reg is. Maar wanneer jy—jy verkeerd is, en hy's steeds jou vriend, dis 'n ware vriend.

7 Ek onthou, ek het altyd 'n gediggie in die skool gehad. Baie van julle van my ouderdom kan dit onthou, reken ek. Party- . . . Ek onthou nie, net die laaste deel, of iets van:

> 'n Man van woord en nie van daad,
> Is soos 'n tuin vol onkruid.

8 Iets van daardie aard. En, mooi-weersvriende is volop, maar ware vriende wat nader is as 'n broer, hulle word—hulle word

waardeer, en baie, baie goed, en ons waardeer dit, waardeer dit baie.

9 Nou, ons is op ons pad, vanaand, om te vertrek in die oggend, baie vroeg, omtrent teen dagbreek, as ons sommige van die warm weer kan vermy, na Indianapolis. Die Christen Sakemanne se ontbyt is Saterdagoggend, by die Leamington Hotel. Daar, moet ons verskeie afvaardigings ontmoet. Party van onder in die plek waarnatoe Broer Joseph wou hê ek moet gaan, vir 'n lang tyd al. Hulle het 'n afvaardiging wat daarnatoe van Egipte af, om uit te vind oor dienste in Egipte.

10 En—en dan vanaf die. . . Ek dink 'n ander groep van 'n. . . Het die YMCA gekry om die afvaardiging daar te laat ontmoet, van Nie-Pinkster Predikers van die Groter Minneapolis, en baie ander verskillende dinge.

11 En die diens gaan 'n baie vreemde een wees, wat die advertensie betref. Ons. . . niemand is geadverteer om te preek nie. Wel, ek het die ontbyt. Maar, die res daarvan is net soos wat die Heilige Gees lei. Daar is veronderstel om Mnr. Roberts, Tommy Hicks, en baie van die ander wonderlike broers te wees wat op die veld is. Om net in die diens te sit, en wat die Heilige Gees sê om te doen, dit te gaan doen.

12 Ek glo dit behoort baie goed te wees, en julle? Ek dink net dis reg. Die formele daaruit kry, en God die kans gee, een keer, om te sê wat Hy wil sê. Ons predikers sê altyd wat ons moet sê, laat die Here dan 'n kans hê om te sê. En ek's. . .

13 [Broer Boze sê: "Ons vriende van Suid-Afrika af sal daar wees."—Red.] En ons goeie vriende van Suid-Afrika af, sê hulle, sal ook daar wees. Ek verstaan. . . Hulle mag dalk hier, in die diens wees, vanaand. ["Nee, hulle is môre hier."] Môre-aand. Hulle sal môre-aand hier wees. Hierdie manne. . . Ek het een van hulle ontmoet, wat, ek dink, die Johannesburgdienste gereël het, of, die Dur-. . . Ek dink, die Durbandienste, 'n baie gawe broer. En so, ek verstaan, een van hulle grootste onder die invloedryke sprekers. En as hulle hier gaan preek môre-aand, sal dit goed wees as die hele Chicago, wat hierdie plekkie kan volmaak, hier kan wees môre-aand. Julle hoor. . .

14 Ek het. . . Hulle het foto's, ek weet nie of hulle dit sal wys of nie. Hulle het die foto's van sommige van die Zoeloestamme, en die heidenras, en baie van daardie dinge wat baie interessant sou wees, wanneer julle hierdie broers ontmoet. En dis môre-aand, is dit, Broer Joseph? [Broer Boze sê: "Reg."—Red.] Goeiste, ek's jammer. . .

15 [Broer Boze stel Broer Masarino en sy familie bekend—Red.] Dit is. . . Wel, dis baie gaaf. Broer, Suster Masarino en familie, ons is regtig bly, ek is, om julle hier te hê, ek weet, by hierdie gemeente.

16 Ek het 'n bietjie laat ingekom vanaand. Maar, 'n prediker het my in die Verenigde Broeders Kerk voorgestel, nou die aand, en hy het gesê: "Vriende, die oorlede, [Eng. "late"—Vert.] Mnr. Branham."

17 Ek het gesê: "Dis reg." Ek het gesê: "Ek was selfs twee ure laat vir my troue. Nou, as ek nou net 'n paar jaar laat kan wees vir my begrafnis, wel, sal dit nou heel goed wees."

18 So, ek het probeer gou maak, maar ek het een van die liedere gehoor, ek glo, die deur was gedeeltelik oop toe ek in die pastoor se studeerkamer was, van *Voorwaarts Christen Stryders*. En ek sê julle, dit was regtig wonderlik; en ek het baie van hulle gehoor; ek is seker julle sal hulle musiek geniet.

19 Almal weet wat ek julle vertel het: "Soek na my bo in die Hemel," het ek nie? Julle weet, die—die Rivier van die Lewe kom onder die Troon van God uit, dit kom af, en maak 'n draai, en gaan af na hierdie kant toe, na Glorielaan, net waar dit draai. Wel, die hele engelekoor, en musikante, sal almal oorkant op daardie heuwel wees, aan die sing en hulle harpe speel. En—en oorkant aan hierdie kant van die heuwel, hoop ek is daar 'n klein boompie, sodat ek net kan terugleuen daarteen, en dit indrink, tot ek net regtig genoeg daarvan kan kry. Ek hou regtig van sang en musiek. Ek weet ons almal hou daarvan.

20 Hoeveel weet wat die orde van die stryd van die Here is? Weet julle wat die eerste ding was wat voor die stryd uitgegaan het? Sangers en musikante het vooruitgegaan met sang, nie geween en geweeklaag nie. Hulle—hulle het vooruitgegaan met sang; dan, daarna, het die Ark van die Verbond gekom. So, hulle het voor die ark uitgegaan. En dan, daarna, het die soldate gekom. So, dis 'n goeie ding. Dis 'n baie Skriftuurlike orde vir 'n godsdienstige diens. Die eerste ding, die musiek, dan die Woord, dan die stryd. So, dis alles bepaal deur die Here.

21 Luister na hierdie broers. En nou, bid baie vir my, as julle sal. Ek het 'n paar baie belangrike besluite om te neem, by Minneapolis, oor die toekomstige planne vir dienste. En ek—ek vra beslis . . . Sê, ek reken ek is soort van sekôndere mede-pastoor hier, is dit reg? Dis reg. Ek vra vir my kerk om vir my te bid.

22 Ek glo John Wesley het gesê dat die hele wêreld sy gemeente was. Is dit reg? So, dis hoe dit is. Ek voel dat julle my broers en susters in Christus is, en ek waardeer beslis die tyd van gemeenskap met ieder en elk van julle.

23 Nou, ek is so lief vir die Woord. Ek hou net daarvan om Daaroor te praat. En, vanaand, het ek gedink dit sou miskien gepas wees, net vir 'n oomblik, omdat dit warm is, en dat ons net 'n goeie, outydse, Sondagskoolles op Donderdagaand het. Sou julle nie daarvan hou nie? Net om 'n bietjie, uit die Woord, te leer. Ek hou van Sondagskool, en ek hou van die leer van die Woord.

24 En, omdat ek vinnig gekom het en moes opskud, het ek nie ’n kans gekry om na alles te kyk nie. So, toe ek in die studeerkamer ingegaan het, het ek net by hierdie Skrif uitgekom.

25 En, almal wat, julle wat Bybels het, laat ons nou blaai, na die Boek van Hebreërs, en die 10de hoofstuk, om mee te begin. Baie mooi plek hier, vir groot—groot lesse van die Here.

26 Die Boek van Hebreërs het, vir die Jode, die wet van genade geskei, soos Paulus vir hulle geskryf het, hier. Daar was baie geskille, in die kerk, of hulle vleis sou eet, óf of hulle moes assosieer met die Heidene. En ek dink Paulus, wat hierdie Sendbrief hier geskryf het, aan die Hebreërs, is een van die mees besondere Briewe in die Boek. Dis, vir my, is Dit wonderlik, want Dit—Dit wys die wet en genade. Dit skei die twee.

27 En nou, mag die Here Sy seëninge voeg by Sy Woord, en ons kom besoek. En nou, wees baie in gebed, soos ons begin om te probeer onderrig. Ek’s nie ’n leraar nie. En my gawe, in die kerk, is om te bid vir die siekes.

28 En sê, terloops, terwyl ons daarvan praat. Hoeveel was daar by die Indianapolis dienste? Julle onthou die . . . Ek glo hulle het gesê, die laaste aand, ’n stom meisie of so-iets . . . Hoeveel onthou vir klein Rosella? Wat is haar van? Die alkoholis, was, Griffith—Griffith. Is sy hier vanaand, Rosella? Sy’s van Joliet. En Rosella, ek . . . Sy het my gebel, die paar aande daarna, en ek dink, sy het óf die meisie van die skool vir stommes af soontoe geneem, óf was saam met haar terwyl sy daar was.

29 Die meisie is doofstom gebore, het nog nooit in haar lewe ’n klank gehoor of gepraat nie, en die Here Jesus het haar ’n volmaakte gehoor, en spraak gegee, reg by die platvorm, voor amper tienduisend mense. Is Hy nie wonderlik nie?

30 En nou, die . . . [Broer Boze onderbreek—Red.] Ja, Broer. [Broer Boze gee getuienis van ’n man wat genees is van kanker.] Uh-huh. Ek het ’n brief daarvan, in my kantoor. Dit was reg, ja, meneer. [Broer Boze gee getuienis van ’n dame wat genees is van ’n gewas.] Ja. Is Hy nie wonderlik nie?

31 Ek glo regtig, dat die mense, net nou, begin verstaan wat ek hulle probeer vertel het, vir baie jare, oor die—die genesing. Die man, ek het . . . het een van die briewe opgetel toe ek verby die kantoor geloop het, en hy het daar gesit, hy het ’n—’n verlamde arm gehad, en sy hand het ondertoe gegroei tot sy vingers, hy kon hulle nie eers opbeweeg om die naels te knip nie. En hulle het ingesteek, in sy hand in. Hy moes ’n operasie kry, om hulle uit te sny—te sny.

32 En hy het gesê, dat terwyl hy daar gesit het, hy gesê het: “Ek sal vir jou ’n foto stuur, Broer Branham, beide voor, en na.” En gesê: “Ek het net die idee verstaan.”

33 Iets het in Indianapolis gebeur, wat nog nooit vantevore gebeur het nie. Na ek deur 'n lang gebedsry gegaan het, en net so swak, dat ek skaars kon beweeg, toe het daar meteens, iets opgetel. En ek het *hier* opgekyk, en hier was 'n visioen van mense, wat in die ry afgestroom gekom het.

En julle, wat in Indianapolis was, weet dat honderde maal honderde, afgesirkel het na daardie altaar toe, en hulle lewe vir Christus gegee het.

34 Hy het gesê hy het daar gesit, soos *daardie*. En hy het gesê: "Jy weet, ek verstaan nou waarvan die man praat." En, hy het iets gevoel wat begin tintel en brand in sy hande. En, dit was sy vingers, wat net *so* oopgegaan het, en daar het sy hand gegaan; hy was—hy was genees. En—en sien, op die pad . . .

35 Die man het gesê, wat die kanker gehad het in s- . . . op sy rug, en dit het net weggegaan. Sien? Die idee, die mense wat net nou begin sien. Hulle was gewoond aan die oplegging van hande, en—en water opsit, of heilige water, of iets op, julle weet, of iets. Wel, daardie is alles in die haak, maar dis sekondêr. Die eerste manier, en die regte manier, is net soos jy die Heilige Gees ontvang.

36 "Terwyl Petrus nog gespreek . . . hierdie woorde gespreek het, het die Heilige Gees op hulle geval wat dit gehoor het." Hulle was gereed. En dis massiewe genesings. Dis nie groot, lang, uitputtende gebedsrye nie. Dis net nou, die Teenwoordigheid van die Engele van God, en die Heilige Gees wat volmaakte verlossing bring vir enigiets.

37 Die wêreld moet ge-evangeliseer word, onmiddellik. Ons moet gaan. Twee-derdes van die wêreld het nog nie eers van Christus gehoor nie. En ons moet opskud en dit doen. Jy het nie tyd, net om 'n honderd vanaand boontoe te bring, en môre-aand, almal uitgeput nie. Dis net, net nou, die hele groep wat sien as geheel. En in Afrika, was daar vyf-en-twintigduisend genesings in een gebed. Dink daaraan.

38 En, nou die aand, op die platvorm . . . Ek wil nie begin met hierdie getuienis nie, so ek beter vinnig oorskakel na die Woord toe. Maar, dat julle kan weet hoekom, op my hart . . . Hierdie broers wat môre-aand kom, baie vreemd, ek het gevoel om na Afrika toe te gaan. Probleme het ontstaan, nie oor my nie, maar oor ander wat verbind is met my, soos Broer Boze verstaan. En, ek het gekom, om 'n kerk toe te wy, en sommige van hulle het gekom, gesê: "Broer Branham sal jy nie 'n gebedsrytjie hou nie?"

39 Ek het gesê: "Wel, broer, ek sal beslis." Ek het gesê: "Ek kan vir die siekes bid; daar is nie veel nie." 'n Klein kerkie, omtrent tweehonderd sitplekke. 'n Broertjie, pas uit groot verdrukking gekom, en uit 'n dronklap se lewe, en is gered, en weggegaan na die Kerk van God toe, en 'n wonderlike kerkie toegewy, die naam van Cash, Junior Cash, van Charlestown, Indiana.

40 Iemand het uitgekom, gesê: "Wat bedoel jy?" 'n Prediker. Hy het gesê: "Ek het 'n kerk met sitplek, vir amper vyftienhonderd mense, en ek het per telefoon gehoor dat jy is. . . En hier is jy hieragter in 'n. . . en jy het nie na my kerk toe gekom nie, en hier is jy hieragter in die moeras, by 'n baksteenstruktuurtjie, of sement, en dit steek in aan die kant."

Ek het gesê: "Jy het nie hulp nodig nie. Hy het." Dis. . . so, dis die een wat hulp nodig het.

En, in die ry, net aan die afgaan, net besig om vir die siekes te bid, het ek 'n—'n meisie gesien, 'n gekleurde meisie.

41 En ons weet die—die donker ras mense, die gekleurde mense, kom. . . hulle geboortetuiste is Afrika. Net soos die geel man van China is, die Anglo-Sakser van Ierland, Engeland, sovoorts, Sweeds. Toe hulle geskei het na Eden, of, na Babilon, het sommige van ons afgegaan na warm lande toe, en sommige het na neutrale lande toe gegaan, en sommige het, ver bo in die noorde ingegaan. En sommige is wit gebleik, en sommige het bruin geword, en sommige geel, sommige swart, maar hulle is almal uit een bloed, en dit was Adam.

42 God, het uit een bloed, alle nasies gemaak. Elke man, die swart man, die geel man, die bruin man, die wit man, jy die plasma van die bloed neem, is dit alles dieselfde, net dieselfde. Dis net die manier wat die klimaat die mense gekleur het.

43 En deur te gaan. . . Deur te sien dat die tyd naby kom wanneer, ek 'n visioen agterin my Bybel geskryf het, om in Afrika in te gaan. Hulle het hierdie jong Etiöpiese meisie gebring. En terwyl sy opgekom het, het ek opgelet, sy het haar been geswaai. En sy was soort van 'n, wat ons noem, soort van 'n maer, skraal meisie, omtrent vyftien, baie maer, wel-geklede dametjie. Maar, ek het opgelet sy trek haar mond. Dit was net soos *daardie*, en die trane wat teen haar wange afgeloop het. Wel, ek het gewonder: "Wat is fout met daardie kind?"

44 Wel, toe Mnr. Cash haar na die platvorm toe gebring het, was haar ma agter haar. Hy het gesê: "Broer Branham, die meisie het 'n—'n afgesnyde senuwee na 'n motorongeluk, wat gebars het, of so-iets, die senuwee wat. . . van haar gehoor en spraak. Sy sal nooit weer praat, of hoor nie." En gesê: "Dit was 'n motorongeluk, dit," en gesê: "deur dit te doen, het dit ook 'n ander senuwee geaffekteer, wat die dokter moes afbind, wat haar maak, met haar been soos daardie; dis styf in haar sy."

Wel, ek het gesê: "Dis baie jammer; arme kind. My hart gaan uit na haar." En ek het gesê: "Bring haar hiernatoe, en laat ek vir haar bid."

45 So, terwyl sy gekom het, het ek bo-oor daardie meisie se kop gekyk; geen visioene het gekom nie; daar was daardie hoë gras, bultjies van miershope, en dinge, soos tipies van Suid-Afrika. Die gras wat gewuif het, ek kon selfs wind hoor waai. Ek het

geweet iets het plaasgevind. Dit het my verlaat; ek het nie geweet wat om te sê nie. Ek het 'n paar oomblikke daar gestaan. Ek het gesê: "Nou, vriende, ek wil hierdie duidelik maak. Ek het pas gesien, wat voor my gekom het, 'n visioen van Afrika."

46 Ek het gesê: "Miskien, is iemand dalk op hulle pad hiernatoe, of miskien wil Hy hê ek moet soontoe gaan; dis tyd vir die visioen om vervul te word, wat baie groter sal wees as wat die ander een was."

En so toe soos ek gesê het: "Hemelse Vader, ons soek nie na tekens nie."

Hoeveel weet wat na tekens soek? "'n Swak en owerspelige geslag." Is dit reg? Ons wil nie geklassifiseer word soos daardie nie.

47 Maar ek het gesê: "Ons is nie, maar tog, U gee tekens. En ek vra U, omdat ek gebid het, en wou weet wat van om te gaan, ensovoorts, wanneer om te gaan, ensovoorts, maar, nou, terwyl hierdie meisie, wat hier staan, en daardie visioen wat gekom het, as U wil hê ek moet gereed wees om voor te berei vir Afrika, sal U hierdie kindjie gee, arme dingetjie hier, en 'n Christen, al sê die dokter die senuwees is afgesny, dit sou 'n skeppingswerk moes wees, sal U net vir haar haar volmaakte gesondheid teruggee? En alles sal 'n teken tussen ek en U wees, dat ek moet gereedmaak vir Afrika."

48 Sonder om te weet, dat net toe, hierdie broers geseil het, wat môre-aand hier sal wees, om reëlings te tref, vir die Afrikaveldtog, en niks daarvan geweet het nie.

En toe ek my hand van die meisietjie afgehaal het, het sy geskree: "Moeder, kyk hier!" En sy was so volmaak, en normaal, as wat sy ooit in haar lewe was.

49 En daar was sommige mense daar, van 'n baie formele kerk af, wat selfs die bestaan van die Heilige Gees ontken, groot denominasie in die wêreld vandag. Sou met jou argumenteer so gou soos nou, of baklei, enigeen, dat daar glad nie so-iets soos wonderwerke is nie. 'n Groot groep van daardie mense het daar opgeloop, een vir een, man en vrou, en my hand geskud en gesê: "Broer Branham, ons het in wonderwerke geglo, maar hierdie bevestig dit, dat God *is*, want hierdie meisie is van ons buurt."

Daar het julle dit. Dis reg. So, God heers en regeer nog. Amen. O, hoe lief het ons Hom nie.

> . . . *wet, wat 'n skaduwee het van die toekomstige weldade* . . . (Luister daarna.)
>
> . . . *wet wat 'n skaduwee het van die toekomstige weldade* . . .

50 Nou, as ons moes tipeer, wat ek doen, baie tipologie doen. So, dan was die wet 'n skaduwee, so die hele wet kon nie duisternis

gewees het nie. Daar moet 'n sekere persentasie lig wees, in die duisternis, om 'n skaduwee te maak. Is dit reg?

51 Soveel mense, deur Psalm 23 aan te haal, haal hulle dit verkeerd aan deur te sê: "Ek gaan deur die donker vallei, van die doodskaduwee." Nou, as dit 'n donker vallei was, sou dit nie enige skaduwee hê nie.

52 So julle sien, die dood self, onder die wet van Dawid, is die dood nou, net, 'n skaduwee. Daar's baie lig in die dood. Nou, as dit alles duisternis was, goeiste, sou dit verskriklik wees, maar die dood is net 'n skaduwee. So, daar moet lig gemeng wees met die duisternis, om 'n skaduwee te weerkaats. Is dit nie wonderlik nie? Weet, steeds die benoudheid, in ons keel.

53 En hoeveel ken vir Broer Bosworth? O, hoe, die dienste wat hy in Chicago gehad het. Toe ek in Indianapolis was, het sy vrou my gebel, gesê: "Broer Branham, jou ou vriend is sterwend." Gesê: "Hy het al heeldag die doodsroggels in sy keel. En ons het jou al oral probeer opspoor. Hy's onder 'n suurstoftent, bewusteloos. En hy het heeldag in sy keel geroggel, en ek reken hy sal weg weg voor môre-oggend, en, Broer Branham, ons wil hê jy moet sy begrafnis preek."

54 Ek het gesê: "Suster Bosworth, moenie daaroor praat nie. Kom ons praat oor iets anders." En ons het gegaan en op ons knieë geval, voor God, en dit aangekondig in die kerk, daardie aand, van duisende mense. En die volgende aand, het Broer Bosworth my gebel, en met my gepraat oor die telefoon. Ja, meneer.

55 Hy het gesê: "Broer Branham, ek sal graag saam met jou wil wees, in die Cadle Tabernakel, in 'n herlewing." Gesê: "Miskien kan ons binne die volgende paar jaar gaan, een of ander tyd."

56 O, ek hou van daardie moed. Geen skaduwee nie, geen—geen—geen negatiwiteit nie; dis alles positief, met daardie ou leraar. Hy weet presies waar hy staan. En elke leser van die Bybel weet dat al wat die dood kan doen, is om 'n skaduwee of 'n spook voor jou te plaas. Maar dit kan jou nie vashou nie. Christus het al daardie donderslae van duisternis gebreek, en hulle wat in die paradys was vrygelaat, in die skaduwees, en hulle is nou in die positiewe, in die Teenwoordigheid van God, ons Vader. Wat 'n gedagte, nie net 'n gedagte nie, maar 'n waarheid, wat God gemanifesteer het, deur Sy Woord.

57 Al wat die wet gedoen het, was om Jesus Christus vooraf te skadu. Want in Hom is die volmaaktheid. En as ek weggegaan het van die son af, en die son was daar agter my rug, sou dit 'n skaduwee gooi. Ek kan na daardie skaduwee kyk, en baie goed raai hoe ek sou lyk, of ek 'n—'n vlieënde hoender was, of 'n viervoetige dier, of wat dit ook al sou wees; dit sou 'n skaduwee gooi.

En die wet het net 'n skaduwee gegooi van die koms van die Here Jesus.

58 En hier oorkant in die volgende hoofstuk, van Hebreërs, 11de hoofstuk, hoe Paulus, wat daar praat, vertel het van die ou helde van die geloof, hoe hulle ontsnap het van die skerpte van die swaard, en was. . . En die monde van die leeus gesluit is, en groot wonderlike dinge gedoen is, terwyl die mense onder die skaduwee gewoon het, en dit alles kon doen deur geloof. Hoeveel meer behoort ons, vandag, in staat te wees om te doen, wanneer die anti-tipe hier is, wanneer Christus gekom en die hele wet vervul het, en 'n werklike, lewende, herrese, verheerlikte Christus in ons midde geword het? Watter soort mense behoort ons te wees?

59 Wel, ek glo die tyd sal binnekort aanbreek, dat wanneer genesing sal wees, 'n wonderbaarlike genesing, so 'n alledaagse ding sal wees. Ons moet 'n bietjie wegrapingsgeloof in die Kerk kry, om van hier af weg te gaan een van hierdie dae.

60 "Wet wat 'n skaduwee het. . . " hoe dit alle dinge vooraf geskadu het. Ons sou kon teruggaan, as tyd net sou toelaat, en die groot dinge kry, soos regdeur die koms van die ark, by die vloed; hoe Moses, onder in Egipte; en baie van die groot karakters; in die verandering van die bedeling, hoe die wet, deur die woord van die wet die oppermag gehad het, en hoe al die res padgegee het. Wanneer God se wet gespreek het, was dit wet.

61 Nou, as God se Woord deur die wet gespreek het, en die insiatief geneem het, hoeveel te meer behoort die Heilige Gees, in 'n mens wat wedergebore is deur genade en geroep is deur God, hoe Dit die—die krag behoort te wees wat agter daardie Woord was toe Dit na vore gestoot is deur die doop van die Heilige Gees. Wat Dit vandag behoort te wees.

62 Die Woord wat so 'n groot effek het. In die wete dat: "Hemel en aarde sal verbygaan, maar God se Woord nooit verby sal gaan nie." En die wet was God se gesproke, geskrewe Woord.

63 Kyk! Dit was in 'n heilige plek gehou. Dit was bo-op besprinkel met Bloed, het 'n kroon gehad wat daar bo-op lê om te wys dat Dit die Koning se Woord was. En hoewel geskadu, soos vandag, die Bloed wat gesprinkel word op die gelowige waar die Woord van God uitgaan uit die gelowige.

64 En watter effek behoort dit vandag dit hê, wanneer *daardie* wat gesprinkel is deur 'n lam se bloed, en *hierdie* gesprinkel deur die Bloed van Jesus Christus, ons eie gewete van sonde en—en besoedeling. Watter kragtige ding behoort die wet te wees. Dis waar ek die swakheid van die Volle Evangelie kerk vind, is om nie geloof in hierdie wonderlike Woord te hê wat hulle ontvang het nie.

65 Kom ons stop net 'n oomblik hier, gaan terug, luister vir 'n paar minute, wat daardie Woord was. Hierdie Woord wat ons uit

hierdie Bybel lees vanaand, Dit het nie net bestaan uit die pen van Paulus, en Lukas, Markus, Johannes nie, hierdie Woord wat ons uit hierdie Bybel lees, is gespreek nog voordat die wêreld ooit ontstaan het. Amen. Enigste ding wat hulle gedoen het, was om net dit wat God alreeds gespreek het, neer te skryf. Die Bybel het gesê: "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God."

66 Nou, kom ons neem 'n klein denkbeeldige reisie, voor die wêreld ooit begin het. Weet julle dat Jesus die Lam was, wat geslag was voor die grondlegging van die wêreld? Nou, trek net die gordyne weg, en kom ons kyk daarin, net 'n oomblik. Dan sal dit jou moed gee vir enigiets wat jy nodig het. Solank jy Dit hier geskryf vind, kry Dit net beet, God sal—God sal Dit reg maak.

Dink daaraan, die wêreld soos dit in 'n siklus draai, Ewigheid. Net . . . Ewigheid is soos 'n volmaakte sirkel; Dit het geen hoeke nie en geen einde nie.

67 As ek begin het met 'n volmaakte sirkel hier vanaand, om-en-om op hierdie lessenaar gegaan het, mag dit deur die lessenaar gaan, deur die vloer, deur die aarde, die biljoene jare en eeue van tyd wat sal kom, sou dit steeds voortgaan, 'n volmaakte sirkel, eindeloos. Dis hoe God in Ewigheid was, aan die begin.

68 Nou, ons kan nie Satan 'n skepper maak nie; hy verdraai net wat God alreeds geskape het. God het jou geskape om volmaak te wees, en Satan het jou verdraai om onvolmaak te wees. God laat jou toe om te wees, vir jou vrou, 'n liefling, wettiglik getroud. Maar om iemand anders lief te hê, is om daardie ware liefde te verdraai wat jy behoort te hê vir jou eie vrou. Satan doen dit.

69 Jou liefde behoort vir Christus, onbesoedeld, te wees. Maar Satan verdraai daardie liefde, na iets van die wêreld. Hy verdraai dit. So toe, toe hy goed na kwaad verdraai het en die engele saam met hom geneem het, het 'n klein blokkie uit hierdie volmaakte sirkel van Ewigheid uitgeval, en afgeval na 'n plek wat tyd genoem word. Dit kom reg *hier* in, gaan om, en gaan reg *hier* oorkant uit. Tyd . . . Ewigheid bestaan regdeur tyd.

70 Nou, toe Christus gesien het wat Satan gedoen het, toe God dit destyds hier aan die begin van tyd gesien het . . . Let nou op. Nou, God was glad nie wyser aan die begin, of, niks minder wys as wat Hy vanaand is nie. God is oneindig. Glo julle dit? God is oneindig. Dan kan Hy nooit verander nie.

71 Nou, ons raak 'n bietjie slimmer soos ons ouer word. Die hele wêreld raak 'n bietjie slimmer. Jy het altyd kerk toe gegaan in 'n Model T Ford. Vanaand kan jy 'n V8 in die selfde ding kry. Was altyd, die enigste manier wat jy oor die oseaan kon kom, was 'n ou skip met seile daarop. Vanaand, sal 'n straler jou oorneem. Sien, ons raak slimmer; maar nie God nie. God was volmaak aan die begin, en Hy sal net so volmaak wees aan die einde.

72 Nou, hier is waarvan ek hou, luister nou daarna, as God oneindig, en volmaak is, en nie 'n fout kan maak nie. . . Volg julle my? As Hy nie 'n fout kan maak nie, dan, die manier hoe God opgetree het aan die begin toe daar 'n krisis ontstaan het, moet Hy net so optree wanneer dieselfde krisis ontstaan, of Hy het verkeerd opgetree toe Hy destyds daar opgetree het. Sien julle dit?

73 Dan, as God iets gesê het, moet Hy daarby bly om God te kan wees. Amen. Dit sou 'n Metodis godsdienstig maak, sou dit nie? Kyk daarna. God moet by Sy Woord bly. Glo julle dit? Sê: "Amen." Hy moet Dit hou.

74 Dan, as daar 'n krisis op aarde ontstaan het, soos die mense wat in die woestyn gesterf het, en God het 'n koperslang opgerig vir hulle genesing; want die dokters, ensovoorts, wat by hulle was, as hulle enige gehad het, kon nie, geen van hulle geneesmiddels van Egipte, kon hulle siekte genees nie, so God moes optree.

75 En as 'n krisis vandag ontstaan het waar ons meer siekte het as wat die wêreld ook geken het, siektes soos kanker, hartprobleme, waaraan die dokters nie kan raak nie, dan is God verplig om op dieselfde manier op te tree as wat Hy toe het, of Hy het verkeerd opgetree op daardie tyd. Sekerlik, sou gesonde verstand dit bewys as dit nie eers in die Woord geskryf was nie. Hy moet dieselfde wees.

76 So, wanneer God die Woord spreek, is Dit—Dit vir ewig deel van Hom. Dit kan net so min faal as wat God kan faal. As een Woord van God kan faal, dan is God nie oneindig nie, en Hy is ook nie onfeilbaar nie. As Hy Dit moet terugneem, dan word Hy 'n sterfling soos wat ek is. Dis reg. Maar waneer Hy spreek, is Dit volmaak. Amen. O, dis waarvan ek hou: volmaak. En ons is volmaak met die Woord.

> *. . . die wet wat 'n skaduwee het van die toekomstige weldade, nie die beeld self van die dinge nie, . . . kan nooit deur dieselfde offers wat jaar na jaar gedurig gebring* word, die wat toetree, *tot volmaaktheid lei nie.*

77 Jesus, het in Mattheüs se Evangelie gesê: "Wees julle dan volmaak, soos julle Vader in die Hemele volmaak is." Hoe gaan julle dit doen? Hoe kan julle dit doen? Hoe kan julle so volmaak wees as wat God volmaak is? Maar, dit was 'n opdrag, of, 'n gebod deur Jesus Christus om so volmaak te wees soos God, in die Hemel, volmaak is.

Dan sê julle: "Wie kan gered word?"

78 Wag net 'n oomblik. Laat ons uitvind hoe daardie volmaaktheid gemaak word. Nou, God het, destyds daar aan die begin, toe Hy vooruit gekyk het deur hierdie tydslyn af, en Hy geweet het hulle sou 'n geneesmiddel moes hê om diegene te red wat graag gered wou word, diegene wat gehonger het

om daarbo in daardie sfeer te wees, moes Hy 'n weg maak om daardie mense weer terug te verlos.

79 As Hy oneindig was aan die begin, was daar nooit 'n vlooi, padda, vlieg, of enigiets anders wat op die aarde gekom het, wat Hy dit nie geweet het voor die wêreld ooit gevorm was nie. Amen. Dink daaraan. Hy het jou geken, Hy het my geken.

80 En om, wetende dat ons harte sou honger en dors na Hom, moes Hy 'n oplossing maak. Sy groot liefde en Sy groot krag en Sy groot wet het Hom verplig om dit te doen. Hy kon niks anders doen om God te wees, behalwe om 'n weg te maak nie.

81 So, toe Hy afgekyk het deur die tydslyn, van hierdie kant van die val af hier, na hierdie kant van die val, weet julle wat God gedoen het? God het niks anders gedoen as om net daar van Jesus Christus, Sy Eie Seun, se koms te praat nie, waarin Hy was—Hy getabernakel was op aarde, afgekom het uit die Hemele, vlees geword het en onder ons gewoon het, ons verlos het, weer reguit opgegaan het, en hier staan aan die ander kant. En daardie hele hoofweg wat Jesaja regoor die plek gesien het, wat oor die breedte van tyd strek, Christus staan aan die ander kant, die ontvangskant.

82 Hier was ek, om ietsie vir die kindertjies te illustreer, nou die aand, en het vertel van die vader van Moses, en die moeder, hoe hulle die babatjie teruggegee het, dit terug toevertrou het aan God, Wat dit vir hulle gegee het. Ek het gesê: "Nou, as jy jou siel red, dit hou, gaan jy dit verloor. As jy dit teruggee vir God, sal jy dit behou." En, dit word vyf keer in die Bybel gesê. Nou, ek het gesê: "As—as die vader en moeder van Moses hom gehou het, sou hulle hom verloor het; as hulle hom teruggee vir God, sou hulle hom behou."

83 En hoe, dat daardie dag, toe hulle hom uitgestoot het in die riete en biesies, hoe God van Sy troon af opgestaan het, groot mantels van Hom afgeval het, daar uitgestap, en Hy het gesê: "Kom hier, Gabriël, al julle Engele, kom hiernatoe. Kyk hieronder; Ek het iemand wat My glo. Ek gee dit vir hulle, en hulle gee dit terug. Hulle kan dit nie hou nie, want die hekse van die hel sal dit kry." Daardie ou vroue wat rondgaan en hulle koppies stukkend slaan, en hulle gooi, en die krokodille vet voer met hulle.

Gesê: "Ons sal. . . As ons dit hou, sal hulle dit doodmaak, sal ons dit verloor; maar as ons dit teruggee vir God, sal ons dit behou."

84 En in hierdie skippie waarin jy vanaand seil, het jy iets kosbaar daarbinne, dis 'n siel. As jy dit hou, sal jy dit verloor. Gaan maar, hou dit, gaan maar uit in die wêreld en maak soos die res van hulle; jy sal dit verloor. Maar, as jy dit sal teruggee aan die Een Wat dit vir jou gegee het, sal jy dit behou. Amen. Glo Hom net.

85 En hulle het hierdie babatjie in die ark gesit en hom uitgestoot. Ek kan God hoor sê: "Gabriël, kom 'n bietjie hier. Roep tienduisend Engele op om te marsjeer, en laat hulle almal op-en-af langs die Nyl staan. Sien jy toe dat daar geen krokodil daar naby kom nie; en wanneer dit in 'n maalkolk beland, kyk dat dit daaruit kom."

86 Jy gaan baie maalkolke tref in hierdie lewe, my broer, maar as God Engele opgeroep het om te marsjeer om na jou om te sien, moenie bekommerd wees nie, Hy sal jou daar uitkry. Amen.

87 Let op. En die arkie was met pik bestryk. Ek kan my voorstel hoekom hulle daardie teer daarop gesit het; julle weet, soos daardie op die straat? Ou krokodil begin om sy neus daar op te steek, wat 'n reuk. Hy het teruggedeins. En ons hou hom dop, meteens, raak hy ontsteld, en daar gaan hy. Hoekom? Gabriël sit bo-op die ark wat in daardie rivier afdryf. Dis hoekom hulle dit nie kon aanraak nie. Dit sou teruggegee word aan diegene wat dit gegee het.

88 En dis hoe dit is, vanaand. God laat Sy Engele die wag hou oor ons. "Die Engele van God trek 'n laer om . . ." Hulle gaan nie soontoe en terug nie; hulle bly hier. Ek hou daarvan. "Die Engele van God trek 'n laer om dié wat Hom vrees."

Ek kan vir Gabriël hoor sê: "Maar, Here, waar gaan U hierdie hele tyd wees?" Huh.

"Ek gaan aan die ontvangskant wees, onder aan die ander kant." Hy sal daaronder wees om dit te ontvang wanneer dit daar kom.

89 En dis waar Hy vanaand staan, aan die ontvangskant. Hy staan in die gange van die Heerlikheid, aan die ontvangskant, om Sy kinders te ontvang. En eendag, wanneer die lewe verby is, sal Hy uitstrek en die punt van daardie hoofweg van heiligheid om Sy hand draai, dit 'n harde pluk gee. En wanneer Hy dit doen, waar sy hier gebreek het, sal Hy elke heilige weer reguit oplig in daardie sfeer van Ewigheid in, en sy sal aanrol deur die eeue. Hy's aan die ontvangskant.

90 Waarvoor is julle bang? Bang Hy sal dit nie doen nie? Ja, Hy sal. So sekere as wat daar 'n God in die Hemel is, sal Hy dit doen. En Hy's aan die ontvangskant. O, goeiste. Kyk daarna!

91 Daar, toe God daar gestaan, en Hy gesê het: "Hier's My program." En, nou, 'n *woord* . . . "In die begin was die Woord." Nou, 'n *woord* is 'n "uitgespreekte gedagte." Nou, God het daaraan gedink. Nou, dit was net 'n gedagte. Maar toe Hy dit uitgespreek het, het dit 'n Woord geword. En wanneer dit eers uitgespreek is, kan Hy Dit nie terugneem nie. Hy moet Daarby bly.

92 So, daarom, het die Bybel duidelik gesê, dat, Jesus die Lam van God was, geslag voor die grondlegging van die wêreld. Want

op die oomblik wat God dit gespreek het, was Hy geslag in die Hemel, op daardie tyd. Die enigste ding wat dit moes doen, was om te materialiseer. Enigste ding wat dit moes doen, was om tot 'n punt te kom. Vierduisend jaar later, voor Hy ooit werklik geslag was. Maar toe God dit gespreek het, was dit so volmaak, dit moes wees, en kon dit opgeteken word as 'n dokument in die Hemel, want God het so gesê; moes wees.

Geen wonder Hy het gesê: "Jou saad sal die slang se kop vermorsel," nie.

93 Nou, julle sê: "Dit was Jesus." Laat ek vir julle iets vertel. Hoeveel Christene hier? Steek julle hand op, wedergebore Christene. Goed, ek reken almal van julle. Goed, het julle geweet dat dieselfde tyd wat Hy geslag is, was julle aanvaar? Het julle dit geweet?

O, jy sê: "Broer Branham, ek is omtrent 'n week gelede gered. Prys God, nuwe naam neergeskryf in die Heerlikheid."

94 Wag 'n bietjie. Wil nie verskil nie, maar die Bybel verskil daarvan. Die Bybel het gesê, oorkant in die Boek van Openbaring, dat in die laaste dae, die anti-chris baie godsdienstig sou wees. En hy sou rondgaan, net soos 'n godsdienstige persoon. En hy sou—sou almal op die aarde mislei, wie se name nie geskryf is in die Lam se Boek van die Lewe nie (van wanneer af? die herlewing?) vanaf die grondlegging van die wêreld.

95 Dieselfde tyd wat van die Lam gepraat is om geslag te word, en die Bloedvlek is toe bepaal, was jou naam Daarmee verbind op daardie einste tydstip, en in die Lam se Boek van die Lewe geskryf. Die enigste ding wat dit moes doen, was om die tydsverloop te volg tot waar God jou geroep het deur die Heilige Gees. En: "Niemand kan na My toe kom, as My Vader hom nie roep nie. En almal wat na My toe kom, vir hom sal Ek die Ewige Lewe gee en hom oprig in die laaste dae."

Sjoe! Wens ek was twee maal my grootte, miskien sou ek twee maal soveel kon hou.

96 Dink daaraan, dat, voor die wêreld ooit gevorm is, toe die Lam se Boek van die Lewe gepreek is destyds daar, was jou naam verbind met die dood, begrafnis, en opstanding van Christus. Sjoe!

97 Waarvoor is jy bang? Hy is daarbo aan die ontvangskant; Hy het Sy Engele hier om oor ons die wag te hou. Laat 'n krokodil sy neus opsteek en sê hy gaan iets doen.

98 As jy uit die ark uit wil spring, gaan voort. Maar ek hou daarvan om net daarby te bly. "Here, U het so gesê; Hierdie is U Woord. Toe U Dit destyds daar gespreek het, en U my verbintenis Daarmee gespreek het, ek bly in die Woord; U het so gesê."

99 Wat is die Woord? Die profete daar; die Heilige Gees het afgekom en net die Woord aan die profete gespreek, en hulle het dit op die Boek geskryf, wat God gespreek het voor die grondlegging van die wêreld. "In die begin was die Woord." Amen . . .

100 [Leë kol op band—Red.] . . . ? . . . Hy op Golgota, alles wat Hy ooit—ooit besit het, Christus het dit teruggeneem na die Kerk toe, en dit vir die Kerk gegee. Alles wat God was, het Hy in Christus uitgestort, en alles wat Christus was, het Hy in die Kerk uitgestort. "En Ek is met julle, selfs in julle, tot aan die einde van die wêreld. Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid."

101 O, Kerk van die lewende God, hoe kan julle terneergedruk wees oor sulke klein onbenullige ou goedjies? Waarom plaas julle nie julle geloof in die Woord van die lewende God nie? En kyk na manne destyds daar van ouds, die skaduwees, soos Abraham en hulle: "Daardie dinge noem wat nie is nie, asof hulle was." God het so gesê.

102 Toe Abraham, onder, destyds daar onder die wet, waarskynlik gevra is: "Man, wat makeer jou, 'n honderd jaar oud, en jou vrou negentig, en sê julle gaan 'n babatjie kry?"

"Prys God, ja, meneer."

"Wel, man, jy is mal. Wel, daar's iets verkeerd in jou kop. Jy beter dokter toe gaan. Daar's iets verkeerd met jou Abraham."

"Nee, daar is nie. Ek het net van opinie verander."

103 Wat as 'n man van honderd jaar oud, en sy vrou negentig, vandag, sou afstap na die dokter en sê: "Dok, ons wil hê jy moet die kraamsaal gereed kry. My vrou gaan 'n baba kry."

104 Dokter sê: "Wel, ek—ek sê jou, meneer, as jy net vir 'n paar minute sal uitstap in die kamer." Hy sou die klokkie lui: "Sielkundige, kom gou hier. Bring jou boeie."

105 Sekerlik, want die wysheid van God is dwaasheid vir die wêreld, en die wysheid van die wêreld is dwaasheid vir God. Maar diegene wat ooit êrens kan kom met God, moet God se Woord neem en sê dat Dit so is.

106 Sê, broer, dit sal die duiwel verslaan, enige plek. Dit sal elke siek persoon genees wat in hierdie gebou is. Dis sal almal hier die doop van die Heilige Gees gee; dis julle belofte.

107 Waarom is julle hier? As jy hier is, as 'n regte gelowige, jy hier sit, om die Here te dien, is God verplig; jy kan nie daardie begeerte in jou hart hê, tensy God dit daarin geskep het nie. Jy het dit nie altyd gedoen nie, maar God skep dit Self.

108 Elkeen van julle, miskien is daar siek mense hier, sê: "Ek wens ek kon genees word, Broer Branham. Ek ly al vir jare, aan 'n maagprobleem," of 'n hoofpyn, of so-iets.

109 God is hier om dit te doen. Sien, dit—dis nie God nie; dis jy. Sien, Hy—Hy's hier om dit te doen. Sy Woord is 'n werklikheid, as jy net Daaraan kan vashou en sê: "Dis waar." Die rede hoekom dit is . . .

110 Sien, die rede waarom jy soveel makliker gered is, partymaal, as wat jy genees word, is omdat jy uitverkies is voor die grondlegging van die wêreld. Jou naam is geplaas op die Lam se Boek van die Lewe, en daardie afkoms van 'n seun en dogter van God het steeds 'n houvas op jou. O, jy was buite in sonde, en het aangehou om jou kop te krap, en te wonder: "Jy weet, ek behoort dit te doen. Daar's iets wat ek, wel ek—ek sal dit 'n bietjie later doen." Uiteindelik, het dit gekom; daar is jy.

111 Nou, genesing is hierby ingesluit. Julle glo in genesing, anders sou julle nie gekom het om daarna te luister nie. Nou, as jy dit kon aangryp, net soos wat jy gedoen het vir jou verlossing, sou jy dieselfde resultate kry, moet net.

112 Nou, die wet wat die skaduwee het van toekomstige weldade, kan nooit die aanbidder tot volmaaktheid lei nie. Nou, waarom kon dit nie? Want, daar was niks daar om hom mee te lei tot volmaaktheid nie. Die wet was 'n skaduwee.

113 In die Ou Testament, as hulle gaan offer het, het die man 'n lam gebring. Hy het dit daar opgeneem, en hy—hy het sy sondes bely, sy hande op die kop van die lam gesit, en vir God gesê dat hy jammer was vir wat hy gedoen het.

Priester het die lam se keel afgesny, slagaar hier, en die kêreltjie het begin skop, bloei, sterf.

114 Sy hande was oral gebaai, in bloed, en hy het die gebewe en pyn van daardie lammetjie gevoel, wat daar gelê, en ly het. Hy het sy oog daarop gehou; hy sou skud en ly, en skud en ly, soos *daardie*. En hy sou dink: "Dit behoort ek te wees. Wat 'n verskriklike vent is ek nie."

115 Nou kyk: Dan het die man reguit daar uitgegaan, nie volmaak nie, hy kon nie wees nie. Want toe hy het, het hy daar uitgegaan met dieselfde begeerte in sy hart, om dieselfde ding te gaan doen wat hy het toe hy daar ingegaan het, het steeds dieselfde . . . Waarom het hy dieselfde begeerte gehad? Want, hoekom? Die bloedsel is gebreek in die lam, wat 'n skaduwee was van die Lam van God.

116 Nou, toe daardie bloedsel gebreek is en oopgebars het, het die lewe wat in daardie bloedsel was, of in die le- . . . in die lam, wat bestaan het uit, van een bloedsel af gekom het, dit het alles teruggekom na een meesterbloedsel, wat van die kiem af was, wat die stuifmeel van die vr- . . . van die manlike af was. En toe daardie bloedsel gebreek was, hierdie lewe geskei was hier, kon die lewe wat in die bloedsel was, nie terugkom op die aanbidder nie. Nee, meneer.

117 Want hoe kon 'n dier, sonder 'n siel, hoe kon die gees van 'n dier terugkom en ooreenstem met 'n menslike gees? Dit kan dit nie doen nie, want dit het geen siel gehad nie; dit was 'n dier. Nou, maar wanneer 'n aanbidder . . .

118 Kyk hier, in die volgende hoofstuk hier oorkant in Hebreërs, het dit gesê: "Die aanb- . . . " volgende paar verse, onder hierdie: "Want as die aanbidder, nadat hulle een maal gereinig is, geen bewyssyn meer van sondes sou gehad het nie. En Hy het deur Sy Eie Offer dié wat geheilig is, vir altyd vervolmaak."

Vervolmaak vir hoe lank? Vir altyd. Wat is die Heilige Gees dan, vriend? Ons het Dit as te veel dinge aanvaar.

119 Julle Lutherane, o, goeiste, julle dink, omdat julle by die Lutherse kerk aansluit: "Die regverdige sal uit die geloof lewe," sê Luther: "ons het dit." Maar, hulle het uitgevind hulle het nie.

120 Julle Metodiste, toe julle geheilig is en geskree en julle hande geklap het en op-en-afgehardloop het in die paadjie, het julle gedink julle het dit gehad. Maar, uitgevind, julle het nie.

121 Die Pinksters, toe hulle kon praat in tale of dans in die Gees, het hulle gedink hulle het dit gehad. Maar hulle het uitgevind hulle het nie. Dis reg.

Al daardie dinge is goed, maar dis nie dit nie. Dis die Persoon, die Heilige Gees Self, die herrese Christus.

122 En wanneer jy jou hande in geloof op God se aanvaarde en voorsiende Offer lê, wat absoluut volmaak was, daar's die liggaam van Christus. En uit Adam se sy het 'n ribbebeen gekom wat sy bruid gemaak het. En uit die sy van Christus het die Bloed, water, Gees, vir Sy Bruid, gekom.

123 En, hoe kom ons in daardie Liggaam in? "Deur een Gees word ons almal in een Liggaam gedoop." En Romeine 8:1: "Daar is dan nou geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie, vir dié wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees."

124 Hulle is soos Abraham; hulle noem daardie dinge wat nie is nie, asof hulle is, omdat hulle dood is vir die dinge van die wêreld, en weer lewendig in Christus Jesus, deur die doop van die Heilige Gees. Amen.

Dit mag hooisade en sassafras daarop hê, maar dit sal jou red, so seker as wat ek op die preekstoel staan. Amen. Let op.

125 "Die aanbidder, een maal gereinig, het geen off- . . . " of: "geen begeerte meer vir sonde nie." Geen gewete meer nie; die woord *gewete* is "begeerte." Kyk, en sien of dit nie reg is nie. Gewete is wat daarin is, daarbinne, wat jou begeertes gee. Jou gewete is om dit te doen, en jou gewete is om dit nie te doen nie; dis jou begeerte.

126 So dan, as die aanbidder onder die wet nie gereinig kon word nie, omdat die lam net 'n skaduwee was, en hy weggegaan het

met dieselfde begeerte, tog, het dit korrek gespreek van die regte Lam wat sou kom. En toe, toe God Sy Lam gestuur, en Hy gesterf het, en die aanbidder wat toe gekom het, sy hande deur geloof op die bloeiende lokke van die Here Jesus gesit het; en in jou hart kan waardeer dat Hy die enigste ding was wat ooit kon kom en jou verlos, en jy verlore sou wees en hel toe sou gegaan het; en dan om Sy liefde vir jou te waardeer, toe jy onbeminlik was; Sy voorkennis van jou waardeer, dat jy 'n hart het om dit te doen; en Sy leiding van die Heilige Gees waardeer om jou by daardie punt te bring om Dit te aanvaar; en jy jou hande op Hom lê deur geloof, en jou eie lewe aflê, as 'n sondaar, en in plaas daarvan Sy Lewe aanvaar, dan reinig die Bloed van Jesus Christus jou. En die Lewe wat in die Bloedsel van Christus was, wat niemand anders as God Self, die Heilige Gees was nie, kom terug in jou lewe, en smelt saam met jou liggaam, en jy tree op en bewandel 'n Christen lewe, tot die dag wat jy die wêreld verlaat. En die duiwel kan jou nie aanraak, as hy moes nie. Amen. Elke belofte in die Boek is dan joune.

127 Hy kan dit nie doen nie. Hoekom? Die bloedsel, waar het dit vandaan gekom? Waar het dit ontstaan in die lam, die skapie? Waar het dit ontstaan? By die mannetjie skaap. Dit was seksuele begeerte. Dit was sondig. Na die . . . God het dit uitgespreek, Hy het dit 'n toelaatbare gemaak, maar nooit die volmaakte nie. "God het die mens uit die stof van die aarde gemaak en, phfff, die asem van die lewe in hom ingeblaas, en hy het 'n lewende siel geword."

128 Maar toe deur te peuter, het vroue daardie instrument geword om lewe te bring, en dis hoekom dit moet teruggaan, die liggaam. Die siel moet dan eerste voor gesorg word, om die begin van 'n nuwe lewe te laat ontstaan. Het julle dit besef?

129 Nou, die lam toe sy lewe gebreek het, op die—op die plek waar dit geoffer is, die aanbidder, met sy bebloede hande, en met die besef dat hy 'n sondaar was, was 'n skaduwee oorkant van Golgota.

130 Maar die aanbidder kon nie tot volmaaktheid gelei word nie, want . . . deur die lewe wat uit die lam uitgekom het nie. Hy kon nie teruggeneem word in die lam se liggaam nie, want hy was 'n mens. Die lam was . . . het 'n ander geaardheid gehad. Sy geaardheid was anders. Nou, as die lam se lewe kon terugkom na die aanbidder, sou hy uitgegaan het en gras gevreet het en gemaak het soos 'n lam, want hy was 'n dier. So, hy kon nie tot volmaaktheid gelei word nie.

131 Maar in hierdie plek, waar die aanbidder een maal gereinig is van sy sondes, kom die einste Lewe wat in daardie Liggaam was, terug en doop hierdie individu in die Heilige Gees. En hierdie Lam was nie gebore deur seksuele begeerte nie. Waar daardie oorspronklike Bloedsel begin het, God Almagtig het Dit in die

skoot van Maria geskep. Geen mens het niks daarmee te doen gehad nie.

132 En daardie een Bloedsel, waar God Homself afgebring het, en in hierdie Bloedsel ingekom het, en 'n Liggaam uitgegroei het genaamd Christus, en gekom het in die volheid van die Gees, en in Hom gewoon het. Toe, toe daardie Bloedsel daar gebreek is vir sonde, het elke mens wat na Christus toe kom en gereinig word deur daardie Bloed, geen gewete van sonde meer nie, en is volmaak geanker in Christus tot die dag van jou verlossing.

133 Efésiërs 4:30 sê: "Bedroef nie die Heilige Gees van God nie, waardeur julle verseël is tot die dag van julle verlossing." Amen. O, dit laat die duiwel wyk, wanneer 'n gelowige besef waar hy is, wat hy—wat hy is.

"O, daar's niks goeds in my nie, Broer Branham."

134 Dis reg. Ek was nooit iets werd nie; jy was ook nie. Daar's niks wat ons daaraan kan doen nie; dis wat so goed is daaraan. Maar wanneer jy dit net kan besef, dat jy nikswerd is, dan sal jy nie op jou eie goedheid vertrou nie.

135 As daar een ding is wat jy kon doen om dit te verdien, sou jy iets gehad het om oor te spog. "Here, ek het U dag en nag gesoek." Maar jy kan dit nie vir Hom sê nie.

136 Hy het gesê: "Niemand kan na My toe kom as My Vader hom trek nie." En God soek na die mens, en nie die mens wat na God soek nie. So, jy het nie een ding om te sê nie, behalwe: "God dit was U genade wat dit gedoen het." En dan, solank as wat jy aanvaar word in die Geliefde, hoe kan God jou in die oordeel laat beland, wanneer Hy Christus alreeds in jou plek geoordeel het? Hoe kan jy moet ly vir jou sondes, wanneer Christus dit alreeds gedoen het? God sou 'n twee-gesig, en 'n verskriklike Persoon wees. Dis reg.

137 Wanneer dit heeltemal betaal is deur Jesus Christus en jy dit aanvaar het; en solank as wat God Christus aanvaar het, het Hy jou aanvaar saam met Christus. En wanneer het Hy dit gedoen? Voor die grondlegging van die wêreld toe Hy Hom in ontstaan gespreek het, het Hy jou verlos saam Hom gespreek.

138 En, julle name was geskryf in die Lam se Boek van die Lewe voor die grondlegging van die wêreld. En dan is julle bang. Sjoe. "O, as ek net kan vashou." Ek het 'n lang tyd gelede daarmee opgehou. Ek het dit in die eerste plek nooit eers probeer nie. Ek het net laat los en Hom die vashou werk laat doen.

139 Iemand het gesê, toe ek siek was daardie tyd, toe ek daaroor gekom het, gesê: "Broer Branham, het jy jou godsdiens behou gedurende jou siekte?"

Ek het gesê: "Nee, meneer, dit het my gehou." Dis die verskil. En, dis wat gebeur het.

140 Toe God 'n Israeliet ingebring het. . . Abraham het God geglo. Gepraat met 'n besondere, een van die grootste Christenleiers in die wêreld vandag, een van die grootste, ek en pastoor Boze, in die kamer nou die dag, daaroor gepraat.

Sien, dis nie wat óns gedoen het nie; dis wat Chrístus gedoen het. Dit is nie wat ék gaan doen nie; dis wat Hy alrééds gedoen het.

141 Ek weet ek's niks werd nie, was nog nooit, sal nooit wees nie. Maar dan, in die Teenwoodigheid van God is ek absoluut volmaak, want dis nie ek nie. Hy sien nooit vir my nie; Hy sien vir Christus. Ek's in Christus! En my naam is met Hom verbind by die grondlegging van die wêreld. Ek wag net vir die tou om opgetrek te word. En ons sal gaan, een van hierdie salige dae, om Hom in die lug te ontmoet.

Party van hulle het gesê: "Broer Branham, is jy nie bang nie?"

142 Julle weet, baiekeer, lank gelede, toe ek nog 'n kind, seuntjie-prediker was, o, sou die mense verbykom, en sê: "Broer Branham, waarom as dit so is, wel ek, dan, kan ek net enigiets doen wat ek wil."

Ek het gesê: "Dis reg, sekerlik. Doen enigiets wat jy wil. As die boosheid in jou hart is, dan was jy nog nooit by Golgota nie. Dis een ding seker."

143 Ek doen altyd wat ek wil. God laat my doen wat ek wil, en ek is so bly daaroor. As ek gedoen het wat die duiwel wou hê ek moet doen, sou dit moeilik wees om te sê wat ek sou doen, maar, as ek sou doen wat ek wou doen, soos ek het voor ek gered was.

144 Maar nou, is daar 'n nuwe Gees daarbinne. En dis nie die gees van 'n lam nie, ook nie die gees van William Branham nie; Dis die Gees van Jesus Christus, wat my die onbeminlike laat liefhê en my dinge laat doen wat ek nooit gedink het ek sou doen nie. Dis Hy.

145 Wel, as dit ek was, weet julle wat ek vanaand sou gesê het? Ek sou vir Mnr. Boze gebel het en gesê het: "Sê, man, kyk, ek was al vir twee nagte op; ek het glad nie enige slaap gekry nie." Ek het, omtrent nie twee ure in die laaste twee nagte geslaap nie, kom-en-gaan, en mense by die deur, en alles; en laat in die nag en probeer 'n paar minute lê, dan laat hulle jou weer opstaan, dan is dit onderbreek, en dan gaan dit weg; hier's nog een. Ek sou beslis by die huis gebly het.

146 Maar, daar was Iets in my wat nie ek was nie, wat gesê het: "Jy is veronderstel om vanaand in Chicago te wees." En dit was twaalf-dertig by die huis. Omtrent tweehonderd-en-tagtig myl om te ry, deur daardie verkeer.

Ek het gesê: "Here, ek gaan. Help U my." En Hy het, ek het net betyds ingekom. Ek was hier.

147 Sien, dis Iets in jou. "Daarom . . . Daar is dan nou geen veroordeling nie, kan nie wees nie, vir dié wat in Christus is, want hulle wandel nie na die begeerte van die vlees nie, hulle wandel na die Gees." En as jy die Here liefhet, wil jy alles doen wat jy kan om Hom te behaag.

Wel, kom ons neem dit op hierdie manier, sodat die—dat die ongeleerde sal verstaan, as jy jou vrou reg liefhet.

148 Ek is baie lief vir my vrou. Goeiste! Wel wat, as daar so-iets was: as 'n ander vrou sou kom, en sê: "Billy, ek is ook lief vir jou." En sy sou 'n baie mooi meisie wees, en sê: "Ek het jou lief." Wel, sy sou dit nie doen nie, maar as sy sou. Sien?

Weet julle wat ek vir haar sou sê? Ek sou sê: "Kyk, Suster, kniel hier vir 'n oomblik. Ek wil 'n bietjie saam met jou bid daaroor." Sien? Hoekom?

149 Wel, jy sê: "Bill, jy's in Afrika, Asië, iewers; jou vrou sal dit nooit weet nie." Dit mag waar wees. En as sy dit nooit sou weet nie, sou ek dit weet. Sien? Ek sou dit weet.

150 En nog iets, as ek haar reg liefhet: Jy sê: "Wel, as sy jou so liefhet, sal sy jou vergewe." Dit mag ook so wees. Maar ek het haar te lief om dit te doen. Sien? Dis genade. Nie niks wat ek gedoen het nie, maar dis net my liefde vir haar.

151 En dis hoe ons liefde vir Christus is, wanneer ons wedergebore is, en besef dat ons seuns en dogters van God is; dit is nie ek wat: "moet *dit*" en "moet . . . " nie.

Paulus het gesê: "Alles is vir my geoorloof, maar nie alles is nuttig nie."

152 So, dit is nie een of ander wet, dat ek die Evangelie moet verkondig nie; is nie een of ander wet, dat ek *hierdie* moet doen nie; dis omdat ek Hom so liefhet. Ek hou net daarvan om dit te doen. En as jy Hom só liefhet . . .

Solank ek my vrou só liefhet, hoef sy nooit bekommerd te wees nie. En solank sy my só liefhet, hoef sy nie bekommerd te wees nie.

153 Ons gaan nie na mekaar toe: "Nou," as sy sou sê: "nou luister hier, Mnr. Branham. Ahem! Sê sommer nou vir jou: Jy vertrek op hierdie reis. Ahem! Ek gaan die wet sommer reguit neerlê, vir jou. Jy beter my nie verneuk nie, jongman. Uh-um! Jy doen dit nie."

154 Wel, na sy klaar die wet neergelê het, dan draai ek om en sê: "Nou, my skone dame, laat ek vir jou iets vertel: Terwyl ek weg is, beter jy geen ander mans hê nie. Jy moenie *dit* doen nie en jy moenie *dat* doen nie."

Wel, ons sê nie dit nie. Sekerlik, ek is net so lief vir haar, my vertroue is in haar. En sy is net so lief vir my, op dieselfde manier.

So ons: Soos ek sê: "Totsiens liefling; bid vir my."

"Goed, skat, ek sal die heeltyd vir jou bid. Kom gou terug."

"Goed." Dis al. Sien.

155 Jy het geen groot: "Wel, jy moet kom en *so* wees, en besprinkel word, en aangeneem word, en gebring word na *dit*, en *dat*, en *dit*, en *dat*, en al hierdie verskillende ordes, en sulke goed nie. As jy nie dans met jou voete *so* gekruis nie, is dit nie reg nie; jy moet dans met jou voete *so* gekruis."

156 'n Jong dame het na my toe gekom, hier 'n tyd gelede, toe vroue daardie rompe gedra het wat hulle "skandaal-rompe" genoem het. En sy het na my toe gekom, en sy het gesê: "Broer Billy, ek wil vir jou iets vra."

Ek het gesê: "Ja mevrou, suster."

Sy het gesê: "Dink jy dis verkeerd vir 'n Christenmeisie om 'n skandaal-romp te dra?" Gesê: "Dink jy ek . . . "

157 Ek het gesê: "Wat op aarde wil 'n Christenmeisie met 'n skandaal-romp maak? As sy 'n Christen is, sou sy so ver van daardie ding af wees, tot, wel, dit sou so dood wees vir haar soos . . . " Haar liefde is vir Christus, en nie om 'n "skandaalmaker" te wees nie. Dis reg. Dit skroei die kortbroek, nie waar nie? Dis reg! As jy die Here liefhet, sou jy iets anders gedoen het, as *dit*.

158 Nou, julle kan al die bevryding van vroue en mans verkondig, wat julle wil, maar dit sal nooit die Bybel verander nie. God se Woord is waar, en dis vir julle Pinkstermense ook. Ja, meneer. O, julle het die standaarde laat sak, iets het gebeur.

159 Was altyd, dit was nie hoe dit nou is nie. Dis net as gevolg van die swakheid van die preekstoel. Dis net omdat julle by dinge betrokke geraak het. As die Heilige Gees julle destyds beter geleer het, julle mammie, en alles, en toe begin julle *hierdie* vandag doen, die Heilige Gees verander nie. Dis net dieselfde elke keer, elke keer, elke keer.

160 Weet julle wat ek begin dink? Dat mense baiekeer mekaar se gees kry, in plaas van die Heilige Gees. Hou hulle dop, die manier wat hulle optree. As jy in 'n kerk ingaan waar die—die pastoor soort van 'n wispelturige, wild-gemotiveerde is, en oornag, kyk net hoe die gemeente net so word.

161 Broer, ek sê vir jou, dit betaam jou om te kniel, en tot God te bid tot daardie ware Christengees in jou hart inbeweeg, en dit alle probleme oplos. Julle weet, die Bybel het gesê: "Daar sou 'n hongersnood wees in die laaste dae; nie net vir brood en water nie, maar om die Woord van God te hoor." Dis reg. En dis so waar as wat dit kan wees, vriend. Dis 'n skande.

Want dit maak nooit die aanbidder . . .

Anders sou hulle *opgehou het om geoffer* te word? Maar *nadat die* aanbidder *een maal gereinig is . . . geen bewussyn van sondes sou gehad het nie*. (Dis alles weg.)

162 Nou, die aanbidder wat een maal gereinig is, wat doen dit? Wanneer die Lewe van die Offer terugkom op die aanbidder, dan is dit sagmoedigheid, geduld, teerheid, lankmoedigheid, goedheid, geloof. Sien wat ek bedoel?

163 Nou—nou wat het ons Metodiste gedoen? Ons wou skree en dit kry. Wat wil ons Pinksters, wil ons doen? Ons wil in tale praat en dit kry. Maar dis nie dit nie. Dis nie die vrug van die Gees nie. Nee, nee.

164 Die vrug van die Gees is liefde, vreugde, vrede, lankmoedigheid, goedheid, geduld, sagmoedigheid. Daar's nie een sigbare getuienis daarvan, nie een vleeslike nie, dis alles in die bonatuurlike sfeer. Dis reg. Dis die verskuilde Krag wat in jou is. Die Lewe van Jesus Christus wat terugkom op jou, die aanbidder, soos jy jou hande op Sy hoof gelê het en bely het dat jy verkeerd was.

165 Nou kyk, 'n goeie Baptiste broer het nou die dag gesê, hy het gesê: "Broer Branham . . . " Nie nou die dag nie, dit was 'n paar jaar gelede. Hy het gesê: "Wat . . . Het Abraham nie God geglo en dit is hom tot geregtigheid gereken nie?"

Ek het gesê: "Dis reg."

Gesê: "Wat kan enige mens nog doen, behalwe om God te glo? Wat kan hy doen, behalwe om geloof te hê?"

166 Ek het gesê: "Dis al wat hy kan doen. Dis al wat Abraham gedoen het. Maar God het aan Abraham die seël van besnydenis gegee as 'n bevestiging dat Hy sy geloof ontvang het." En ek het gesê: "Dan, wanneer al die ou dinge vergaan, en alles nuut word; wanneer jy jou belydenis maak, en glo, en die Here Jesus aanvaar, en jy sagmoedigheid, geduld, teer, en geloof word, en om God te glo, Goddelike genesing glo, die hele Bybel glo, alles glo wat God sê; dan is dit bewys dat jy gered is. God het jou hart besny, en al jou ongeloof weggeneem, en dan glo jy in God."

167 Wat is die woord *sonde*? *Sonde* is "ongeloof." Jesus het gesê, in Johannes die 4de hoofstuk: "Hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel." Jy hoef nie enigiets te doen nie, jy's alreeds veroordeel.

168 Nou drink, owerspel pleeg, en dit: Dis nie sonde nie. Jy doen dit omdat jy 'n ongelowige is. Jy's 'n ongelowige om mee te begin. Dis hoekom jy daardie dinge doen.

169 Nou, as jy eenmaal regmaak met Christus, is daardie dinge net . . . word hulle besny by die altaar. Wanneer God . . . Wanneer jy dit bely, neem God dit net weg, en plaas die Lewe van Homself in jou. En dan is jy in Christus, en jy kan nie in die oordeel kom nie.

170 Jesus het gesê in Johannes 5:24: "Hy wat My Woorde hoor, en glo in Hom wat My gestuur het, het Ewige Lewe, en sal nooit in die oordeel kom nie; maar het alreeds oorgegaan uit die dood na

die Lewe." Hy kan jou nie na die oordeel bring nie, jy's alreeds geoordeel.

171 En wanneer die Heilige Gees terugkom om jou hierdie ander lewe te laat lei, is dit God se seël van Sy besnydenis op jou hart om te bewys dat jy was . . . ophou met jou drinkery, rokery, gedobbel, gevloek, ongeloof, en nie glo in Goddelike genesing, die werke van God nie; en vir God ontvang het. En dis 'n Seël dat almal daarvan weet van nou af.

172 Jy het eenmaal in die huis ingekom soos, o, goeiste, kwaad en iets omgeskop, en o, goeiste, hoe jy sal tekere gaan. Soos die ou man wat eenkeer bekeer is, hulle sê hy is gered . . . Ek sê hierdie nie as 'n grap nie. Ek sê dit net sodat julle . . . Ek glo nie in grappe maak nie, maar, sodat julle kan sien wat ek bedoel. Hy het in die pad opgekom, en hy het gesing. Hy het altyd gevloek, en aangegaan, en gegil, en geskree. Hy het na 'n ou diensie toe gegaan en is regtig gered. Hy het weer opgekom met die pad en gesing, *Jesus Hou My Naby Die Kruis*.

173 Toe hy naby die deur gekom het, gesê, het die ou hond oorkant toe gekyk en vir die ou kat naby die hoek gesê, gesê: "Luister daarna, sal jy?" Hy het hulle altyd van die stoep afgeskop en alles. Gesê: "Ek wed hy het dit nie."

Die kat het gesê: "Lê jy *hier*, en ek sal *hier* lê; ons sal sien of hy dit het of nie."

174 Toe hy so naby gekom het, kon hulle dit nie meer uithou nie. So die hond het uit die huis uitgegaan en die kat het om die huis gegaan. Hy het weer uitgegaan en afgegaan na die skuur toe. Hy sou altyd die hoenders rondslaan, alles stukkend slaan; gemeen, net die duiwel in hom.

175 So die ou haan het gesê: "Hy het altyd so kwaad geraak vir my wanneer ek gekraai het om hom te laat opstaan in die oggend, ek sal hom beproef." So hy het 'n yslike groot kraai gegee en toe gevlieg, hy kon dit nie meer uithou nie.

Die ou koei het gesê: "Nou, is ek in 'n vreeslike gemors. Hy het my met 'n halter aan my, begin om my aan 'n paal vas te maak, en ek moet dit uithou."

176 Al die hoenders en goed het vergader en gesê: "Beproef hom." Gesê: "Die enigste ding wat jy moet doen is om hom met die stert te slaan . . . met die stert regdeur sy gesig en kyk wat gebeur." Gesê: "Ons sal sien of hy godsdiens het of nie."

177 Ou koei het gedink dit was moeilik om te doen. Maar terwyl hy gestaan, en gesê het: "Jesus hou my naby die kruis," net aanhou melk het, het die ou koei haar stert *so* gevat, en sy het hom in die gesig geslaan soos *dit*. Hy het haar oor die rug gestreel en gesê: "Bossy skat, jou ou siel." Hy het gesê: "Prys die Here, jy het nie bedoel om dit te doen nie."

Hulle almal het gesê: "Hy het dit regtig." Nou, dis reg.

178 Dis wat die bewys is, broer, dat jy oorgegaan het uit die dood na die Lewe. En al die goed wat jy eers gedoen het, is dood, want die Lewe van Jesus Christus het jou gees oorgeneem om jou te beheer, 'n nuwe skepsel; en eenmaal gereinig, het geen begeerte meer vir sonde solank as wat jy op die aarde lewe nie.

179 So as jy die heeltyd swak is en op-en-af val, onthou, jy mag 'n verstandelike begrip daarvan hê, maar nooit 'n ondervinding van wedergeboorte nie, wanneer sagmoedigheid, teerheid en geduld die plek inneem van hierdie verstandsteologie.

180 O, jy sê: "Luister hier, Mnr. Branham: Ek—ek bestudeer die Bybel; ons pastoor, ensovoorts; ek—ek het Bybellesse geneem."

181 Ja, die duiwel het, ook. Hy weet—hy weet meer Daarvan as wat jy ooit sal weet. Dis reg. Maar daar's een ding: hy kan nie die Heilige Gees kry nie. Jy kan. Dis reg.

182 So solank as wat—as wat hy—as wat hy nie by jou kan uitkom nie, want jy is dood, jou lewe is verborge in God en verseël met die Heilige Gees. Umm. Hoe kan hy ooit by jou uitkom? Die eerste ding, jy's dood. Het jy al ooit 'n dooie man 'n leuen hoor vertel? Het jy al ooit 'n dooie man hoor terugpraat met jou? Jy kan heelnag langs die kis staan en stry met hom, sal hy nooit 'n woord sê nie. Hoekom? Hy's dood.

183 En jy beskou jouself as dood, en jou lewe is verberg in God deur Christus, en verseël met die Heilige Gees. Die enigste manier wat die duiwel jou ooit sou kon kry, hy sou deur dieselfde reinigings moes gaan waardeur jy gegaan het, en dieselfde Gees ontvang wat jy het, en dan sou hy jou broer wees. Sien? So hy kan jou nie kry nie. Dis jy wat nooit reg na Christus toe gekom het in die eerste plek nie.

184 Jy by 'n plek kom, sê: "Wel, ek—ek's steeds . . . Broer Branham ek—ek . . . jy weet die Here het my nooit *hier*van gereinig nie." As Hy jou gereinig het van een ding, het Hy jou gereinig van dit alles. Hy neem jou hele siel, liggaam, en gees. Dis reg.

185 Moenie mislei word nie, broer. "Die man wat Moses se wet verwerp het, het gesterf sonder ontferming op die getuienis van een of twee getuies. Hoeveel swaarder straf, hoewel waardig, wat die Bloed van Jesus Christus onder sy voete vertrap het, en die testament waardeur hy geheilig is, onrein geag, en die werke van genade gesmaad het?" Daar het julle dit.

186 Die Bybel het gesê dis onmoontlik vir daardie man om dit te doen. En: "As iemand eenmaal verlig geword het en die Heilige Gees deelagtig geword het en die kragte van die toekomstige wêreld gesmaak het, is dit onmoontlik vir hom om afvallig te word, om homself weer tot bekering te vernuwe." So as jy die heeltyd op-en-af is, onthou, broer, jy het nog nooit korrek na Jesus Christus toe gekom nie. As . . .

187 Die Bybel het gesê: "Moenie die wêreld, of die dinge van die wêreld liefhê nie. En as jy die wêreld liefhet, is die liefde van God nie eers in jou," in jou lewe nie. Jy is net emosioneel, verstandelik opgewerk met een of ander soort kerklikheid, een of ander soort teologie wat vir jou geleer is, en jy het nog nooit in jou lewe van aangesig-tot-aangesig gekom en Jesus Christus ontmoet, en is wedergebore nie. Want as jy een maal verlief raak op Christus, sterf die wêreld net daar, vir die Ewigheid.

188 Want jy word verseël deur die Heilige Gees tot die dag van jou verlossing, en jy is dood, en jou lewe is verberg in God, deur Christus, en daar verseël deur die Heilige Gees. Jou bestemming word net daar bepaal, wanneer jy verseël word deur die Heilige Gees.

189 Neem 'n ou vragtrok wanneer hulle dit laai, nadat *dit* daarin gesit is en *dat* daarin gesit is; wel, die trok mag, as dit kon wees, dit menslik kon doen, sou op-en-af spring op die spoor, sê: "O, kyk waar is ek!"

190 Jy's nog nie weg nie, jong. Voordat die Heilige Gees ooit hierbo op jou geplaas word, voordat die seël ooit daardie trok verseël het tot by sy bestemming, kom die inspekteur eers verby. Hy kyk die hele ding deur. Hy ondersoek en kyk of alles reg pas.

191 Die probleem daarmee is vandag, ons het te veel oorverhitte godsdiens in ons Pinksterkerke. Dis reg. Dis reg. In plaas van om terug te kom na outydse, Bloed-gewasde Evangelie van Christus (Reg!), het ons te veel emosies, te veel verstand daarin, en psigiese emosies, in plaas van om regtig gegrond en veilig te wees. Want jy kan dit dophou wanneer die Heilige Gees in die dienste inkom en die Woord beklemtoon, weet die mense nie hoe om Dit te ontvang nie. As daardie kanaal oop was, sou die Heilige Gees reguit daarnatoe hardloop net so vinnig, dit, soos water wat sy pad deursyfer deur 'n kraak in die grond. Amen. Glo julle dit?

192 Wat ons vandag nodig het, is 'n goeie outydse opbreek, soos die profeet wat afgegaan het na die Pottebakker se huis toe om opgebreek en hervorm te word. Dis wat die Pinkster, Volle Evangelie kerk nodig het vandag, is 'n goeie outydse opbreek, om weer terug te kom om weer hervorm te word. Glo julle dit? Laat ons dan bid, terwyl ons ons hoofde buig.

193 Ons Hemelse Vader, voel net so goed om hier in die Filadelfiese Kerk te staan, en die reaksie van die Gees te voel, en te weet dat die Woord diep in die mense se harte insak; om te besef dat hulle Hierdie ontvang, en Dit Lewe vir hulle is. O, hoe hulle Dit liefhet. En dit voed net my siel om die mense te sien reageer op hierdie Woord, al het ek nie die vermoë om Dit uit te bring op die manier wat Dit behoort te wees nie.

194 Maar, Vader, ek bid dat Dit iemand sal help. Daardie persoon wat swak is, behoeftig, net aanstrompel, daardie swak en lam knieë sal oplig, daardie hande sal uitstrek wat afgehang het; mag

hulle opgelig word en juig, want dit help nie dat ons 'n verslane lewe lei, gaan . . . ? . . . [Leë kol op band—Red.]

195 . . . seuns en dogters van God en die duiwel het geen besigheid om enigiets vir ons te sê nie, en deur U genade, sal ons hom dit nie toelaat nie. Wanneer hy iets sê, sal ons weet dis die stem van die duiwel, want dis teenstrydig met God se Woord. En ons sal reguit aanbeweeg in die Gees. Skenk dit, Here.

196 Hier's 'n paar sakdoeke en hierdie briewe, Vader, en versoeke vir gebed is arme, siek, behoeftige kinders. ek bid dat, in Jesus' Naam, dat U hierdie mense sal genees. Gee vir hulle hulle versoeke. Laat U Heilige Gees nou kom en hierdie sakdoeke salf, en mag hulle, elkeen, gebruik word tot die eer van God as klein tekentjies van liefde, dat die mense weet dat U hulle liefhet. Skenk dit, Here.

197 En te lewe in hierdie geslag mense van hierdie dag, wanneer, o, sulke verraderlike dade van Satan. Maar, Here, ons verwerp redenasie, en glo in die Woord. En ons glo dat die Woord hierdie leer, en ons stuur dit na die siekes en beproefdes, in Christus' Naam, vir hulle genesing.

198 God, ek bid dat U elke siek persoon in teenwoordigheid nou sal genees. Laat hulle weet dat Jesus hierdie woord gesê het, in die verbygaan by 'n boom eendag wat vervloek was, en dit verdroog het, gesê het: "Hê geloof in God."

199 Dan, Vader, wonder ons, as louwarm, grenslyn-gelowiges, net genoeg om hulle, miskien, te laat rondkyk, en hulle wonder. Maar dink aan daardie arme man nou die aand, wat daar in die diens gesit het, U aanvaar het as sy Geneser. Hy het nooit agter gevoel of die kanker weg was nie, maar, op sy pad af na die treinstasie toe, het die groot Heilige Gees met Sy groot hand uitgestrek, en daardie kanker beweeg, tot daar nie 'n kolletjie daarvan oor was nie.

200 Het daardie arme, Etiöpiese meisietjie wat daar gestaan het, waar die dokters die senuwees afgeklamp het wat nooit weer normaal sou praat, of hoor, of loop nie, en binne een oomblik se tyd 'n operasie gedoen wat nooit deur die mediese wetenskap gedoen kon word nie.

201 Hoe groot is U, God. Hoe U 'n sondaar se hart kan neem, en dit stukkend skeur, en dit nuut oormaak, tot 'n liefdevolle nederige Christen. Hoe magtig is U, Here.

202 En, Here God, as daar siekes hierbinne is vanaand, bid ons dat, net nou, dat U met hulle sal praat op so 'n manier dat, in die diepte van hulle hele hart en siel, dat hulle sal sê: "Ja, Here, ek glo dit, en ek aanvaar dit nou deur geloof, en ek weet, dat, soos dit met ander gebeur het, sal dit ook met my wees." Ek bid hierdie gebed van geloof vir hulle. In Christus' Naam, vra ek dit.

203 En Vader, as daar iemand hierbinne is wat louwarm, of afvallig is, of dalk, miskien, 'n man of vrou, seun of meisie, wat nog nooit vir Christus, hulle Verlosser, aanvaar het nie. . . En luister net na hierdie ambulanse wat elke dag op straat skree. Kyk na hierdie ondernemers, en die manne hierbuite in hulle persele, begraafplase, wat dosyne by die dosyne en dosyne van grafte grawe, net vir die Chicago mense. En wetende dat ons kaartjie daar oorkant hang, as't ware, en ons moet antwoord by die oordeel.

204 O, Vader, hoe versigtig moet ons wees. Hoe ons ons gedagtes van U behoort te oorweeg. Hoe ons ons begrip behoort te oorweeg, en sien dat dit hier geplaas is deur Goddelike genade; of is dit iets wat ons self opgewerk het?

205 Ons besef dat daar in die skool van profete eendag, in die groot kweekskool, wat 'n groot naam gehad het, maar party van hulle het iets opgekook, maar dit was dood in die pot, en hulle het dit nie besef tot hulle besig was om te eet nie.

206 En nou, Vader, ons bid dat as hierdie persoon, vanaand, net glo met die verstand, as hulle net eenvoudig 'n weet-dat-hulle-behoort-te-wees gehad het, en nog nooit een keer daardie ondervinding gehad het om 'n werklike hartsverandering te hê totdat dinge doodgegaan het en 'n nuwe lewe inkom, deur die beproewinge, versoeking nie, beskadig dit net—dit net jou hart en laat jou meer liefhê; in die wete dat God tugtig om jou te vervolmaak. Vader, as daardie persoon vanaand hier is, bid ek dat U nou vir hulle 'n begeerte sal gee om die ware Heilige Gees te aanvaar. Hulle wonder hoe visioene plaasvind, en hoe die Bonatuurlike werk. God, hoe eenvoudig is dit, as hulle maar net in daardie sfeer kan inkom. Ek bid, vanaand, dat as daar enige hier sou wees, dat U dit vir hulle sal gee, hulle verlossing, deur Christus.

207 Terwyl ons ons hoofde gebuig het, en ons oë toe, wonder ek of daar 'n. . . net 'n afgedwaalde persoon is. Ek het baie hard gepraat vanaand, baie reguit, was 'n "sassafras manier," soos ons dit op die platteland noem. Dit net uitgooi op die manier. . . Ek beplan niks vooraf nie, net soos ek Dit ontvang, gee ek Dit. Partymaal is dit baie deurmekaar, maar ek vertrou op Hom om Dit agtermekaar te sit.

208 Soos die seuntjie op sy knieë wat sy ABC's opgesê het, en die pastoor het verbygekom, gesê: "Wat doen jy, seun?"

209 Gesê: "Ek het 'n goeie, biddende moeder gehad. Ek weet sy het gebid," gesê: "ek's 'n weeskind," gesê: "ek het nie geweet hoe om te bid nie." Gesê: "Ek het net die hele ABC's opgesê, die alfabet, en miskien sal God hulle bymekaar sit, en weet waarvoor ek gebid het."

Sekerlik, ons vertrou op Hom om dit bymekaar te sit.

210 Het Hy—het Hy die punte van jou oortuiging, vasgemaak vanaand, aan 'n plek waar jy sal besef dat jy Christus regtig nodig het? As dit so is vir jou, sal jy jou hand opsteek, en dit doen vir God? En wanneer ek jou jou hand sien opsteek na ons Hemelse Vader, dan sal ek jou onthou in gebed, net hier, dat God dit vir jou sal gee. God seën jou, dame. Dis baie . . . God seën jou, dame. Jou, dame. Jou, meneer. God seën jou. Dis baie goed.

211 Nou, kyk, ek het baiekeer na julle toe gekom wanneer ek onder die salwing was, en met julle gepraat, en julle vertel, en julle sou die Heilige Gees sien werk, en hoe Hy Homself bewys het. Sou daardie Heilige Gees, wat net nou hier is, sou Hy my, vir sewe-en-veertig jaar, visioene en dinge laat sien wat nooit een keer gefaal het nie? Sou Hy my neem, met 'n laerskool opleiding, my meer as 'n miljoen siele vir Hom laat wen in tien jaar? 'n Herlewing laat begin wat om die wêreld gegaan het en veroorsaak het dat eenmiljoen vyfhonderdduisend Pinkstermense in die kerk laat inkom het verlede jaar? Sou Hy dit doen, en dan sou ek nie weet waarvan ek praat nie?

Is julle regtig honger, kinders?

212 Iemand wat nie julle hand opgesteek het nie, en jy weet jy moet, sal jy jou hand net nou opsteek na Christus? Doen dit, wat nie 'n paar minute gelede het nie; sewe of agt hande het opgegaan. Is daar nog een hier? Miskien het jy net soort van 'n louwarm lewe gehad. God seën jou, broer. God seën jou, ook broer, daaragter. Dis eerlik. Dis net om so eerlik te wees as wat jy kan wees.

Terwyl julle julle hoof gebuig het, laat ek vir julle net nog net een ding vra voor die afsluiting. Wees in gebed, al die Christene.

213 My dierbare ou moeder, half-Indiaan, wat daar sit, en haar hare agtertoe gekam, nie 'n grys haar daarin nie, haar baie klein, diepgesonke oë wat na my kyk. Ek het na Pappa se foto gekyk wat teen die muur hang, ek het gesê: "Mamma." Sy het soontoe gekom, haar hande in myne gesit, haar arme ou bewerige geplooide hand. Ek het gesê: "Mamma, ek wil vir jou 'n vraag vra." Ek het gesê: "Wat is waarde, en waaraan behoort ons waarde te heg?"

Sy het gesê: "Wat bedoel jy, seun?"

214 Ek het gesê: "As ek 'n honderdmiljoen dollar gehad het wat hier op hierdie tafel gelê het, en daar was 'n klein knoppie hier, en ek daardie knoppie sou druk, en ek sou daardie honderdmiljoen dollar verloor, maar ek kan weer vir 'n uur met Pa praat," ek het gesê: "dan sou ek daardie knoppie sommer vinnig druk."

215 Wat kon ek met 'n honderdmiljoen dollar doen? Ek sou amper self die wêreld kon evangeliseer. Maar ek was nooit heeltemal seker van my pappa nie. Hy het in my arms gesterf aan die bid, maar ek wil 'n bietjie meer versekering hê. En hoe ek maklik 'n honderdmiljoen dollar sou gee vanaand, nooit enigiets daarvan

sou dink nie, bly sou wees om dit te doen, as ek vir een uur met my pappa kon praat. O, ek glo ek sou hom dan kon oortuig. Wat is waarde?

216 Ek het gesê: "Mamma, onthou jy nog daardie ou Model T Ford, toe ek nog 'n ou sondaar seuntjie was van omtrent sestien jaar oud?" Ek het altyd by die huis gebly op Sondag, dit blinkgevryf. Wat as ek vandag 'n stukkie daarvan kon gaan kry? Ek sou nie 'n stukkie kon kry nie.

217 Wat as iemand hier ingekom het, vanaand, en vir julle elkeen 'n miljoen dollar gegee het, en julle het uitgegaan en die armes gevoed, en alles, goed gedoen; wanneer julle gesterf het, het julle Hemel toe gegaan, maar waar sou julle miljoen dollar wees? Waar sou al die mense wat jy gevoed het, waar sou hulle wees?

218 Julle het nie 'n miljoen dollar nie, ek dink nie so nie. Maar julle het iets wat julle kan doen. Julle het iets wat meer werd is as 'n miljoen dollar. Wat as jy 'n persoon gered kon kry, 'n gebed van geloof nou bid, en iemand word gered? Of een van hierdie seuntjies of meisietjies of mans of vroue wat hulle hand opgesteek het, en sou . . . Weet julle wat?

219 Iemand het gesê: "Broer Branham, jy bedoel jy gaan terug Afrika toe, waar daardie mense daar oorkant nie regter van linkerhand kan onderskei nie? Jy gaan soontoe, en daardie ou swart seuntjies en dogtertjies wat daarbuite in die stamme is, wat, miskien, nog nooit 'n bad gehad het, in hulle lewe nie, en net so wild, en dalk 'n spies deur jou sal steek?"

Ek het gesê: "Nee, hulle sal nie."

Gesê: "Gaan jy terug soontoe?"

220 Ek het gesê: "Ja," ek het gesê: "Weet jy wat? As ek een van daardie swart seuntjies op my skoot kan kry, en my arm om hom kan sit, en hom in sy moedertaal kan sê, om: 'Jesus het jou lief, skat. Hy het vir jou gesterf.' En as daardie swart seuntjie Jesus as sy Verlosser sou aanvaar, broers, daar oorkant in die Ewigheid, wanneer daardie ster daar oorkant skyn, sal al my gelde en alles faal, maar my naam sou verbind wees aan daardie bekeerling, solank as wat daar 'n Hemel daarbo is."

221 Dis wat dit beteken. Waar is jou waarde? In jou werk? Nee. Dis 'n goeie ding om te hê, 'n werk. In jou familie? Nee. Dis 'n goeie ding om 'n familie te hê. Waar is die waarde? Dis in jou siel, broer. Dis waar dit is; dis in jou siel.

222 Nou, sou daar nog een wees wat weet dat dit waar is? Maak nie saak wat jy doen, hoe gewild jy is nie, jy gaan eendag die wêreld verlaat, en as jy nie wedergebore is nie, het Jesus gesê: "Sal jy op geen manier in die Koninkryk ingaan nie."

223 Al gee jy 'n miljoen dollar vir die armes, al behoort jy aan kerke, jy op elke manier gedoop is, jy belydenisse gemaak het, is

dit steed nie dit nie. Jesus het gesê: "Tensy iemand wedergebore is, sal hy op geen manier in die Koninkryk ingaan nie."

224 Is jy seker, nou nie verstandelik opgewerk nie, maar diep in jou hart, 'n vrede wat net aanhou, en jy's gered? As jy nie is nie, sal jy nou, nog een keer, jou hande opsteek, voor ons bid? Sal jy jou hand opsteek? Sê: "Broer Branham, bid vir my." God seën jou, liefling seuntjie. God seën hierdie seuntjie wat hier sit, ook. God seën jou, my broer. En jou, suster. Ja, meneer. Jou daaragter, my broer. Jou, suster daar, ook. Aan my regterkant, steek iemand jou hand op, sê: "Broer Branham, ek besef ek's nie reg nie." God seën jou, broer. God ken jou hart. Dis die manier om eerlik te wees met Hom, dis die manier om regtig eerlik te wees.

225 Nou, ek wonder, terwyl julle julle hoofde gebuig het, as julle eerlik genoeg was om julle hand op te steek, sal julle net 'n oomblik opstaan, terwyl ek vir julle bid? En dan, daarna, wil ek graag hê julle moet opkom na die altaar toe, en gaan kniel. Maar as julle regtig opreg is, en regtig die Here gaan dien van vanaand af, en julle regtig daardie ondervinding met God begeer; as julle glo Hy het my gebed verhoor om daardie doofstom Etiöpiese meisietjie, nou die dag, spraak, en gehoor, en gesondheid te gee . . . Die blindes sien, die dowes hoor, die kreupeles loop; dis deur gebed. Dis reg. Gebed verander sake. Dink jy dit sal help om jou lewe te verander? Laat ek vir julle bid. Sal julle op julle voete staan, julle wat julle hande opgesteek het, sal julle net opstaan vir 'n minuut vir gebed?

226 God seën jou, seuntjie. God seën jou. Bly net staan. Dis reg. Staan op julle voete. Dis goed. Bly net staan. God seën julle. Dis baie goed. Iemand anders wat wil staan? God seën jou, dogtertjie.

227 Daardie dogertjie wat daar opgestaan het, die gekleurde dogtertjie, herinner my aan die gekleurde dogtertjie wat genees is van doofheid, en stomheid, en kreupel vir haar hele lewe lank. Vandag is sy heeltemal normaal, selfs tot haar dokter het na my toe gekom, en gesê: "Eerwaarde Branham, wat het gebeur?"

Ek het gesê: "Jesus het gekom." Nou, hy's hier, ook.

228 Nou kyk, as Hy so genadig is om daardie dogtertjie te genees, wat sy eendag sal moet sterf, hierdie liggaam; hoeveel te meer is Hy gewillig om vir julle die Heilige Gees te gee waarna julle so honger, om julle vir ewig te laat lewe?

229 Waarom staan julle? Weet julle wat ek glo? Tienduisend jaar gelede, miskien, voor die grondlegging van die wêreld, het God julle naam op die Lam se Boek van die Lewe geplaas, en dis wat julle trek, vanaand. Dis daardie Woord van God wat gespreek het, wat nie kan faal nie.

230 Het julle geweet daar's mense wat nooit gered kan word nie? God het geweet hulle sou nie red . . . gered word nie, van die begin

af. Hulle is gebore vir hierdie doel. Kyk na Esau, verwerp van geboorte af.

Maar onthou, julle wat op julle voete staan, dit wys dat julle ontvang is, julle het Lewe. God het dit vir julle belowe. Nou, gaan ek vir julle bid.

231 Terwyl hierdie seuntjie hier staan met sy geboë hoof, hoe weet julle dis nie nog 'n Dwight Moody nie? Julle onthou sy bekering, nie waar nie? Onthou hoe daardie ou haar . . . seuntjie, hy, hare wat in sy oë hang, gekniel het in die huurstal een aand en gebid het? Het 'n miljoen siele na Christus gestuur. Mag nog een wees. Hoe weet ek wie jy daarbuite is?

Julle sê: "Wel, ek's nie 'n seun nie, Broer Branham, ek's ouer."

Dit nie . . . Abraham was, ook; vyf-en-sewentig toe God hom geroep het. Nou, kom ons bid, almal.

232 Dierbare Jesus, hier's 'n klomp mense wat hier staan. Ek weet ek leun net oor hierdie preekstoel, en ek weet die Woord van God het reg van hieraf uitgegaan, reg van hierdie preekstoel af. Ek het self hier gestaan, en groot magtige visioene dopgehou wat hierdie land geskud het, wat oor hierdie preekstoel gaan; gevalle genees het wat Mayo Broers weggewys het. Hoe U, van hier af, die groot dinge laat gebeur het.

233 En vanaand, vra ek U, as U dienskneg, en as ek genade in U hart gevind het, Here, bid ek dat hierdie woorde wat geplant is, hierdie preek van woorde vanaand, reg onder in die hart, en nou gee die Heilige Gees dit water, en hierdie skare mense wat op hulle voete gestaan het, wat die doop van die Heilige Gees begeer, vir Iets om in hulle lewe in te kom wat hulle sal verander en hulle 'n ander persoon sal maak, hulle 'n beter man of vrou, seun of dogter sal maak, as wat hulle was.

234 O, God van die Hemel, hoor my gebed, en skenk hierdie versoeke. En hulle wat op hulle voete staan, Vader, U het gesê: "Niemand kan na My toe kom, as My Vader hom nie trek nie," en ek bid, God, dat U sal, nadat U hulle getrek het, dat U hulle nou in U Koninkryk sal ontvang.

235 En, dierbare God van die Hemel, laat dit so wees, dat wanneer die lewe finaal verby is, en aan die ander kant, mag ek in staat wees om hand te skud met elkeen van hierdie wat vanaand staan, aan daardie kant, en hulle in staat sal wees om te sê: "Broer Branham, dit was daardie aand in Chicago wat ek op my voete gestaan het, wat my lewe verander het van daardie tyd af."

Skenk dit, Here, hoor my gebed, vra ek in Jesus' Naam. Amen.

God seën julle. Nou, kan julle maar sit.

236 Hoeveel glo dat God hulle ontvang? Laat ons julle hande sien. Hy sal moet. Hy moet. Nou julle wat gestaan het, hoeveel sê: "Ek

het beter gevoel"? Laat ons jou hand sien. Sekerlik voel julle. Julle moet beslis. Jy kan nie vir God enigiets vra sonder om te ontvang nie. Vra en jy sal ontvang.

237 Hy het gesê: "Julle het nie, want julle vra nie. Julle vra nie, want julle glo nie. Vra en julle sal ontvang. Vra oorvloediglik sodat julle blydskap volkome kan wees." God wil Sy seëninge uitstort. Mag die goeie Heer julle seën, uh-huh, almal sommer baie.

238 Dankie, my dierbare geliefde mense. Julle weet, elke keer wat ek kom en voor 'n gehoor soos hierdie staan, dink ek: "Wonder of hulle almal daar sal wees wanneer ek terugkom vir die volgende diens, of sal ek ooit weer kan terugkom?" Dis die vraag. Is hierdie my laaste aand om ooit vir julle te preek? Sal julle heengaan, of ek heengaan voor ons weer ontmoet?

239 Het ek net die regte ding gesê? Het ek—het ek enigiets verkeerd gedoen wat 'n struikelblok sou wees, of het ek iets reg gedoen, dat ek—ek 'n invloed op julle gehad het dat julle die Here wil liefhê? As ek gesondig het, of iets verkeerd gedoen het, vergewe my. Sal julle? En as ek iets gesê het wat julle die Here sal laat liefhê, prys God en ek sal julle in die Heerlikheid ontmoet.

En ek hoop om julle weer hier in die Filadelfiese kerk te ontmoet een van hierdie dae, of iewers op die slagveld hierbuite vir die Here.

Nou, gaan ek die diens oorgee aan die pastoor vir die laaste woord, Broer Boze.

Die Wet Wat 'n Skaduwee Het AFR56-0621
(The Law Having A Shadow)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Donderdagaand, 21 Junie 1956, by die Filadelfië Kerk in Chicago, Illinois, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2021 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org